

**Belinda Bras-Nel (heel links), Carol de Vasconcelos en Rian van Heerden. Foto: kykNET Bemarking.**

# Belinda Bras-Nel op KykNet

**Teresa Holloway**

Vir veertig jaar al is Belinda Bras-Nel se daaglikse lewe geïntegreer met die paaie van Vanderbijlpark.

As jong hoewe-dogtertjie het sy in die veld gesit en met die natuur gesels, gediggies geskryf, en haarself soms oorgegee aan die 'teenwoordigheid' wat sy altyd om haar kon voel. In Laerskool Vaalrivier het sy moeilik aangepas. Die konsep dat sy haarself moes bewys as iemand wat iets werd is, en die pyn en mislukkings het haar grootste vyand geword. In die Hoërskool Transvalia was dit net een lang donker pad en die gevoel dat sy nooit werklik iewers inpas nie, was onbeskryfbaar. Na skool kwalifiseer sy by die destydse Yskor om Elektroniese Ingenieurswese te studeer. Na byna tien jaar se verloop van "skommelende paaie" word die boek **My Pad met Engele** gebore. "Om jou hart en siel te ontbloot in die bladsye van 'n boek is nooit maklik nie, maar my storie vertel van die lang en donker pad van depressie, verstote en alleen mens, wat nou een wondelike getuienis is en wil ek graag my ervarings met almal deel," vertel Belinda. Engele het al talle wonderlike ervarings op haar pad gebring, tog was een van haar hoogtepunte om saam met Rian, oor haar boek te gesels. Die verfilming het Dinsdag 23 Oktober in Randburg by die MNet-ateljee plaasgevind en is op 6 Desember vir die eerste keer op kykNET uitgesaai. Belinda sê dat sy hoop om mense te help besef dat jy kan kies om te transformeer. "Moenie jou drome weggooi nie, maar glo in die waarde wat God in jou kon sien toe jy geskape is," het Belinda gesê. "Rian" word op Donderdagaande om 21:30 op kykNET uitgesaai.